JAN 2001 Jg./Vol. 9.1

Half - Billi

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA/ Newsletter of the Free State Section of the MCSA

'Skyrun' en die Vrystaatse Afdeling

Die Vrystaatse Afdeling het nogal prominent gefigureer met die moordende wedloop van 135 km wat van Lady-Grey tot Tiffendell Ski-oord by Rhodes al met die Drakensbergkruin langs kronkel. Die Vrystaters was hoofsaaklik roete-opsieners, met die uitsondering van Deon du Plessis wat die roete gevee het en al die tammes en swikkendes wat langs die ongemerkte (!) roete uitgeval het, bymekaar gemaak het. Die organiseerders het bergklimmers se kennis oor omstandighede in die berg en hul gereedheid om gebeurlikhede te trotseer, soos skielike weersverandering, hoog aangeslaan.

Skyrun is ongetwyfeld die strafste ultramaraton in die land en gryp die verbeelding aan. Dit het die potensiaal om 'n hoof-item op die Suid-Afrikaanse avontuursport-kalender te word.

Roete-opsiening en by-stand aan moeë hard-lopers is 'n aktiwiteit wat jong stappers behoort te geval. Dis pret en goeie ervaring; meld jou aan.

Drakensberg becomes South Africa's Fourth World Heritage site

The Park was awarded cultural and natural World Heritage Site status on 29 November 2000 by the delegates to the Convention on the Protection of the World Cultural and Natural Heritage that met in Cairns, Australia. This is the fourth area in South Africa that has been named a World Heritage site and only the 23rd of 630 World Heritage Sites that was awarded this status on the grounds of both its natural beauty and cultural importance. Mountaineers and conservationists are delighted by the added security this status provides towards the conservation of the Drakensberg.

The uKhahlamba-Drakensberg Park includes large sections of one of the most magnificent mountain ranges in Africa and has a number of outstanding natural features linked to the geomorphic history of the subcontinent, including the high altitude basalt mountains and unique Southern African alpine-tundra vegetation.

In addition to these natural assets and located within its original natural setting and ecosystems is one of the world's greatest rock art collections that is of outstanding cultural value. The art represents uniquely a coherent tradition that embodies the beliefs and cosmology of a single people now extinct in the region.

With an estimated 600 sites with more than 35,000 individual images the rock art is the most densely painted area on the African continent. Besides the obvious historic significance of the San rock art, the Drakensberg sites are unique because of the remarkable state of preservation of the art and that there is an undisturbed harmony between the art and its environment.

2002 declared International Year of Mountains

In November 1998 the United Nations General Assembly declared 2002 the International year of Mountains. The IYM Mission Statement reads: 'The International Year of Mountains promotes the conservation and sustainable development of mountain regions, thereby ensuring the well-being of mountain and lowland communities.'



Mountains are fragile ecosystems and are globally important as water towers of the earth, repositories of rich biological diversity, target areas for recreation, and as a hub of cultural integrity and heritage. Occupying about one-fifth of the world's land surface area, mountains provide a direct life-support base for about one-tenth of humankind as well as goods and services to more than half the world's population.

Holding the IYM presents both a big challenge and a great opportunity. It should not be considered merely a period of isolated events, but rather as an important process ... [which] should thus reach well beyond 2002. It should be aimed primarily at helping poor and marginalised people living in mountain areas, drawing attention to their cultural heritage. It should also help to conserve or foster the sustainable use of natural resources found in mountain areas.

The International Year of the Mountains 2002 will be a unique opportunity to raise awareness on a wide variety of mountain-related issues and to promote action on the ground in favour of improved livelihoods of mountain people and of environmental conservation. Worldwide a number of important initiatives are ongoing or have newly started in preparing for the IYM. Particularly promising activities have been launched in a number of countries through IYM-committees or similar mechanisms. The official Internet site is at www.mountains2002.org Any suggestions on how our Section should participate will be appreciated.)

Excerpts from a position paper on the International Year of Mountains, *Mountain Forum*

ALIEN INVASION OF THE WILDS

A threat to the natural habitat

Some 161 plant species introduced from abroad have become invasive in this country, affecting 10 million hectares of land. Most of these species are deep-rooted alien trees, which consume more water than the low vegetation typical of natural fynbos and grassland areas. Altogether the invasives use up about seven per cent of the water that would normally flow into our rivers.

And invasive alien plants are not just a threat to South Africa's water resources. They also reduce the productive potential of

land by taking over agriculturally valuable areas, increase the risk of flooding and erosion, and - as so starkly illustrated by the fires that ravaged the Cape Peninsula mountain chain in January - are a dangerous fire hazard. Dense stands of alien acacias, hakeas and pines stoked the flames to a threatening intensity, endangering lives, threatening property, and killing the indigenous fauna and flora.

From a conservationist's perspective, it is the impact on natural biodiversity that is the most worrying aspect of invasive aliens... Almost 1 900 of the 3 435 plant species in the Red Data list for southern Africa are threatened to some extent by invading alien plants. The problem is particularly severe in the Cape Floral Kingdom, renowned throughout the world for its biodiversity.

(Excerpt from African Wildlife, vol 54(4), 2000, p 12)

Kompetisie

DIE WÊRELD SE "DEATH ZONE"-PIEKE (BO 8 000 M)

Die lesers was toe maar traag om te raai hoeveel van die 14 hoogste pieke van die wêreld is in Nepal geleë. So die mooi nuwe kaart van die Drakensberge soek steeds 'n baas.

Hier volg die lysie pieke weer, maar dié keer met die lande waarin hul geleë is. Daarvolgens blyk dit duidelik waarom die kleine Nepal die Mekka van professionele bergklimmers is met 9 van die wêreld se hoogste en gevaarlikste pieke wat in die Himalajas binne of op die grense geleë is en die res in Kashmir en Tibet. Nog merkwaardiger is dat Nepal met die uitsondering van K2, die tweede hoogste piek, die volgende agt plekke op die ranglys inoes.

Naam	Hoogte	Liggging
Mt Everest	8 850	Nepal/Tibet
K2	8 611	Jammu/Kashmir
Kanchenjunga 1	8 598	Nepal/Sikkim
Lhotse 1	8 511	Nepal
Makalu 1	8 481	Nepal/Tibet
Dhaulagiri	8 172	Nepal
Manaslu 1	8 156	Nepal
Cho Oyu	8 153	Nepal
Nanga Parbat 1	8 126	Nepal
Annapurna 1	8 078	Nepal
Gasherbrum 1	8 068	Jammu & Kashmir
Broad Peak	8 047	Jammu & Kashmir
Gasherbrum 2	8 035	Jammu & Kashmir
Gosainthan	8 013	Tibet

Omdat ons steeds die kaart **wil** weggee, bied ons julle 'n tweede geleentheid om die kaart te wen.

Die volgende lysie verteenwoordig die tien hoogste pieke in die Vrystaat (bo 3 000 m)*, maar is nie volgens die hoogte bo seespieël gerangskik nie. Die pieke is almal met die uitsondering van The Sentinel en Beacon Buttress (wat op die Vrystaat en KwaZulu-Natal-grens geleë is) in die Qwaqwa-area op die Vrystaat/Lesotho-grens. (En nee, Ribbokkop by Golden Gate op 2829 m, val nie onder die hoogste tien bergpieke van die Vrystaat nie.)

Namahadi Tafel	Maalhoek Piek
The Sentinel	Namahadi Piek
Kgotjiwane Piek (Sephoko)	Sunrise Dome
Metjhatjhane	Beacon Buttress
Vrystaat Piek	Point Buttress

Die vraag wat beantwoord moet word, is eenvoudig. Watter piek is die hoogste in die Vrystaat? Stuur 'n poskaart of koevert met u antwoord na: **3000m Kompetisie**, **p/a Die Bergklub van Suid-Afrika, Afdeling Vrystaat, Posbus 1291, Bloemfontein, 9300**

Die Sluitingsdatum is 30 April 2001.

Redaksielede mag nie deelneem nie. In die volgende uitgawe daarna publiseer die redaksie

* Inligting verskaf deur Derek Odendaal.

die lys met die hoogtes bo seespieël sowel as die naam van die wenner.

NUUS VAN ORAL OOR

Dave Cheesemond

Van ons ouer Vrystaatse lede was moontlik bekend met Dave Cheesmond, 'n uitstaande Suid-Afrikaanse rotsklimmer. Hy en 'n vriendin, Catherine Freer, het in 1987 verdwyn op 'n klimtog van die Hummingbird Ridge op Mt Logan in die Kanadese Yukon Kluane National Park. Albei se rugsakke en 'n tent is gevind waar dit aan 'n yspik gehang het. Naby was 'n gat wat veroorsaak is deur 'n lys wat meegegee het. Daar was geen teken van hul liggame nie.

'n Natuurbewaarder wat onlangs oor die area gevlieg het, het menslike oorblyfsels waargeneem wat enige van die twee kan wees Hy sê dit lê ongeveer 30 voet onderkant Hummingbird Ridge en sal moontlik nooit verwyder kan word nie omdat dit te gevaarlik sal wees. "It just appears to be melting out of the snow and ice."

MCSA News

Pasop vir Tafelberg!

Slegte nuus vir ons lede wat die Kaap besoek en dan in die area wil gaan stap: aanvallers op stappers op Tafelberg neem toe, veral op die Pyproete vanaf Kloofnek, Duiwelspiek en Leeukop. Die voorsitter van die Afdeling Kaapstad (brimble@global.co.za) beveel die volgende aan:

- wees voortdurend bedag op teenwoordigheid in jou omgewing, veral as jy uit jou motor klim
- jou groep moet so groot as moontlik wees
- moenie aggressief wees wanneer jy bedreig word nie
- rapporteer insidente, ook aan die BKSA en skryf aan die betrokke owerhede.

VOYAGER EN BKSA

Die BKSA het 'n ooreenkoms met die SAL waarvolgens nie net die lid Voyagermyle verdien nie maar ook die Bergklub. Stuur asseblief jou Voyagernommer aan Fran Hunziker by highlife@iafrica.com. BKSA-lede kry ook afslag op SAL-vlugte selfs al het hulle nie Voyagernommers nie.

Met die Voyagermyle wat so verdien word, betaal die Sentrale Komitee bv. die vlugkaartjies van die voorsitters van die veskillende Afdelings van die Bergklub wanneer hulle 'n Sentrale Komiteevergadering bywoon en kom hierdie gelde nie uit die geldkasse (ha-ha!) van die verskillende Afdelings nie Kry besonderhede by Fran Hunsiker.

PAKISTAN TREKKING 2001

Hans Scheffler of Stellenbosch Section (021-883 9025(h); hscheff@bigfoot.com) is organising a trek in the Karakoram mountains, Pakistan from 25 August - 22 September 2001 (29 days). **Please contact Hans before end-January 2001 if you are interested.**

It will involve sustained and strenuous high altitude trekking with logistics on the scale of a mountaineering expedition. The route follows seldom visited river valleys leading onto the largest snow covered glaciers in the Himalayas. It cir-cumnavigates the majestic peak of the Ogre which remains an ever present feature on the horizon.

An ascent of the 5407m Skam La from which K2 can be seen in the distance on a clear day will be attempted. During the middle part of the trek, a number of straightforward trekking ascents can be made to high vantage points from two base camps and more experienced climbers can climb higher peaks such as 6000m Hanipispur.

AFDELINGSAKE

Die nuwe bestuur

Soos bemerk in die stapprogram, staan daar nou ’n splinternuwe groepie aan die stuur van die Afdeling se sake. Hartlik geluk en sterkte aan Derek Odendaal en sy span en dankie vir die uitgetredenes se dienste gelewer ten bate van die Klub gedurende die vorige termyn.

Snelpos vs. slakpos

Lede word versoek om asseblief hulle E-posadresse aan Ilse Visser, die nuwe sekretaresse te voorsien. ilse@hbib.uovs.ac.za . Lede ontvang nog hierdie rondte almal ook ’n gedrukte weergawe van die nuusbrief en stapprogram. Ons het geen reaksie van lede gekry oor die elektroniese weergawe van Half-Billi nie. Koste- en tydsgewys is dit vir die Afdeling verreweg die voordeligste. Laat ons weet wat jul standpunt hieroor is.

☞ **Laat weet asseblief vir ons webmeester, Jacques Raubenheimer sijer@rs.uovs.ac.za, indien u probeme ondervind.**

Nuwe avontuursentrum gaan lekker klimoefening bied

Nuwe geleenthede om klimtegnieke te oefen, aan vingerpunte te hang en die 'split' teen ’n vertikale muur te doen, duik eersdaags op as die nuwe Supersport Health and Adventure Centre sy deure open by die Waterfront. Die eienaars van dié nuwe gimnasium beweer dit sal die hoogste en die beste klimmuur in die land wees. Dalk ’n goeie geleentheid om die Nasionale Muurklimkompetisie na Bloemfontein te probeer lok.

Louis beproef die vertikale limiet

Pat het Louis Fourie saamgesleep fliek toe. Tans draai Vertical Limits, die film oor die groepie wat op K2 soek geraak het en deur ’n soek- en reddinggeselskap gaan afhaal is, in die stadsteaters in Bloemfontein. Louis, hoe lyk dit met ’n resensie vir die volgende Half-Billi?

Nuwe lede

Dalene Raubenheimer, Jacques se vrou, het verskeie stappe saam met die Afdeling gedoen en is verlede jaar as lid goedgekeur. Baie welkom, Dalene.

Profiel van ’n legende:

Dr. Ryno: ’n onblusbare gees wat nooit oud geword het nie.

— Molly Smit

Toe doktor Ryno oorlede is, was hy ons afdeling se oudste lid. Dit was egter die feit dat hy met ‘n kunsbeen gestap en rotse geklim het, wat hom veral merkwaardig gemaak het.

Ryno Stockenström Verster is op 14 Oktober 1897 in Bethlehem gebore. Toe hy drie jaar oud was, het die gesin tydens die Anglo-Boereoorlog die konsentrasiekampe vrygespring omdat sy moeder met haar kinders in die omgewing se sandsteengrotte weggekruip het. Na die oorlog is die gesin terug plaas toe.

Op sewejarige ouderdom is sy regterbeen net onderkant die knie geamputeer nadat hy in ‘n dorsmasjien beland het. Sy kunsbeen het hom nie verhoed om ‘n ywerige sportman en bergklimmer te word nie en hy kon selfs kranse sonder hulp aandurf. Ek onthou hoe galant hy op ‘n dag vir my en ‘n paar ander dames teen ‘n feitlik loodregte krans gehelp het toe hy van mening was

dat dit vir ons te gevaarlik sou wees om op eie stoom daar af te klouter. ‘n Slang het op ‘n dag sy Moses teengekom toe hy hom op sy houtbeen pik!

Per telegram verloof

Hy het in 1915 in Bethlehem gematrikuleer waarna hy in 1919 aan die Grey Universiteitskollege in Bloemfontein die graad M. Sc. in Dierkunde verwerf. Doktor Ryno wou egter geneesheer word. Nadat hy sy pre-kliniese opleiding in Kaapstad voltooi, is hy in 1922 na Nederland waar hy in 1928 as chirurg spesialiseer.

In Nederland het doktor Ryno per telegram verloof geraak aan sy hartedief in Suid-Afrika. Tydens ‘n vakansie in Suid-Afrika is hy met Anna Eybers getroud en sy vertrek saam met hom terug na Nederland. In 1929 gaan hulle na Londen en Edinburgh waar hy verder spesialiseer. Hulle het twee seuns en twee dogters gehad.

Kostelike leesstof

Van 1930 tot sy uittrede in 1960 beoefen hy sy professie as eerste spesialis-chirurg in Bloemfontein met voortreflike kundigheid. Hy het ook talle artikels en boeke geskryf. Vir 43 jaar neem hy die gewilde rubriek ‘Dr Goedhart gee raad’ waar in vier dagblaaie. Hierdie rubriek het hom oor die hele land bekend gemaak. Ek kan onthou hoe ek selfs as kind na sy weeklikse pennevruggies uitgesien het, nie soseer omdat ek my kennis oor die geneeskunde wou uitbrei nie, maar omdat dit sulke kostelike leesstof was. Dit was ‘n mediese vraerubriek waarin hy mense se kwellings met deernis behandel het. Dit het met heelwat humor gepaard gegaan, veral waar die vraestellers ooglopend aan ipekonders gely het. Waar ek grootgeword het, is Dr Goedhart se nuutste kwinkslae gereeld met genot bespreek en uitgeruil. Die rubriek is sy laaste paar jaar tot 26 September 1989 voortgesit as ‘Dr Goedhart gesels’. Hierin het hy gepraat oor sy kinder-, skool- en studentejare, sy praktyk en bergklimavonture. Ons afdeling het gereeld gefigureer.

Dolly gewild by bergklimkennisse

Ook op nasionale vlak is van sy kennis en dienste gebruik gemaak. So was hy lid van verskeie kommissies van ondersoek en erelid of erepresident van verskeie verenigings . Dit is onder andere as gevolg van sy geesdriftige beywering dat ‘n Fakulteit Geneeskunde by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat tot stand gekom het. ‘n Eredoktorsgraad is dan ook deur die Universiteit aan hom toegeken vir sy besondere bydraes tot ‘n verskeidenheid rigtings, veral sy kultuurwerk.

Sy tweede vrou, Dolly Jones, was net so gewild by sy bergklimkennisse as Anna, sy eerste. Na haar dood het hy in ‘n aangrypende artikel in ‘Die Volksblad’ van haar afskeid geneem.

Goue wapen toegeken

Tot op 86 jaar was doktor Ryno ‘n kranige en onverskrokke bergklimmer. Hy was ‘n stigterslid van ons afdeling. Op sy aandrang was ons jaarvergaderings jare lank gesellig by sy huis gehou. Hy was ‘n erelid en met sy afsterwe al 25 jaar die afdeling se erepresident. Toe hy nog sy motor gehad het, het hy gereeld Vrydagmiddae by ons vertrekpunt met ‘n pakkie lekkers vir die stappers en klimmers opgedaag. Van al die eerbetuigings wat hom al te beurt geval het, het hy die toekenning van die Bergklub van Suid-Afrika se Goue Wapen in 1980 as die hoogtepunt beskou. Die wapen is aan hom toegeken vir dienste bewys aan bergklim, onder andere deur beskrywings in sy rubriek en ook sy aandeel in bergredding.

Doktor Ryno het ook tennis en golf gespeel toe hy jonger was. In sy later jare het hy hom op rolbal toegespits. Sy ander stokperdjie was houtwerk en tot kort voor sy afsterwe het hy die besonderste houtjuwele en -bakke met fyn inlegwerk gemaak.

Klim steeds tot 6 jaar voor afsterwe

Die geheim vir sy ryp ouderdom het hy toegeskryf aan die omgewing waar hy grootgeword het, naamlik ‘n plaas met lammers, rustigheid en skoon lug. Ek wil egter byvoeg dat die kwaliteit wat hy in sy aftreejare gesit het, ook daartoe bygedra het. Nie alleen het hy gesorg dat hy fiks bly deur gereeld te stap en te klim tot ses jaar voor sy afsterwe nie, maar het hy ook sy betrokkenheid in mense en gebeurtenisse behou. Tot in sy 92ste jaar het nog gereeld teater en musiekuitvoerings bygewoon.

Nadat sy heup twee keer gebreek het, moes hy die laaste paar jaar heelwat van sy beweeglikheid inboet. Hy is op Sondag 22 April 1990 oorlede nadat hy vir ses weke bedlêend was weens beroerte. Die vorige jaar het hy as 92-jarige vir sy groot vriend, Schalk Theron, geskryf: ‘Schalk, om te dink ek word ook nou oud’.

Doktor Ryno se onblusbare gees het nooit oud geword nie.

Die half-Billi is redaksioneel versorg deur Mollie Hills (redakteur) en Derek Odendaal. Bladuitleg en tegniese versorging is deur Nico Combrink.

Tsitsikama Kaskenades

— Ben Loots

'N Baie lang artikel deur Ben Loots met bogenoemde opskrif het in Billi 1972 verskyn. Ben beskryf hoe hy as gevolg van omstandighede eers Saterdagmiddag sou aansluit by Schalk Theron se groep wat reeds Vrydag langs die Tsitsikamakus begin stap het. Die son het reeds ver gesak toe hy die roete aandurf. Hy kon nie die voetpaadjie kry nie en durf die ruie bos met 'n flits aan. In die proses maak hy kennis met klofies, watervalle, bome wat skuins lê, water, donker, ellende en dorings, 'n oorvloed van alles. "Bobbejaantoue pootjie my. Haak bo-aan my rugsak vas en ruk my agteroor. Die doringranke steek. Die ruigte versper my pad. Bome lê oor die lopie". Die klofie raak later al nouer en hy probeer skoorsteenstyl tot bo klim. Hy gly en val terug in die water. Sy flits gee later in en met behulp van die sterrelig beland hy in 'n situasie waar hy tussen hemel en aarde hang, sonder vastrapplek. Op een of ander manier, moeg en moedeloos, wriemel hy hom uit sy penarie terwyl 'n skerpioen sy arm steek. Later beland hy op 'n voetpad. In die donker dwaal hy af, val 'n paar meter en beseer sy voet. Schalk en sy geselskap is nie waar hy hulle verwag het nie. Dus maar aanstryk. Hy ruik later rook maar dit is 'n kleurlinggesin se kamp. Hy slaap die nag saam met hulle langs die rivier en eet feitlik al sy kos.
Sondagoggend spoor Ben vir Schalk-hulle op. Hy eet oggendete saam met hulle. Hy besluit om die terugtog aan te durf as gevolg van sy seer voet, son der kos. Die skerpioen-steekplek is 'n groot blou en rooi kol. Laat Ben nou self verder vertel:

"Moenie vir my sê dat by al jou ellende is jy nog aan drank ook verslaaf nie."

OM ELFUUR is ek by die teerpad. My bene en arms lyk naar. Al die skrape en doringsteke is met mecurochrome gedokter. My broek en hemp is bemors van die vorige aand se tog. Twee dae nie geskeer nie en my hare hang in natgeswete toue oor my voorkop. Maar ek is 'n bergklimmer en hierdie dinge tel nie. Die skoon klere in my rugsak kan wag totdat ek gebad het. Langs die pad pluk ek 'n heidetakkie en steek dit deur die speld in my pet. Ek trek my kouse op en staan selfversekerd langs die pad en wag vir iemand wie se voorreg dit sal wees om my op te laai. As hy tyd het, gaan ek hom saamneem Oubos toe. Dan is ek tuis en dan kan hy, wie dit ook al is, die plek sien en die middag en aand daar by my deurbring.

'N GROOT MERCEDES 280 hou stil. Agterin twee witkop dogters. Voorin 'n elegante dame. Haar man agter die stuur. Ek stap nader. Groet. Ek dink ek herken die vrou maar ek is nie heeltemal seker nie. "Waarheen gaan jy?" is die man se vraag. "Na Eersterivier so veertig myl verder," sê ek. Die man se stem is vriendelik maar streng en ek sien duidelik hy sien my aan as een van die kraaie van die nasionale paaie. Ek sien duidelik hy is spyt dat hy hoegenaamd stilgehou het maar nou het hy gestop en voordat hy aanry, moet hy darem 'n verskoning hê om my in die pad te laat staan.

INTUSSEN het ek die mooi blonde vrou langs hom beter gesien. En herken. Ek kan sien dat sy in vertwyfeling verkeer — ken sy die boemelaar of ken sy hom nie?

"WAT IS jou naam?" kom dit van die baas van die plaas. "Ben Loots". Ek hoor die vrou haal haar asem vinnig in. "Dag, Wilma," sê ek, "hoe gaan dit?" "Dit gaan goed, maar wat is met jou aan die gang, Ben, hoekom is jy in hierdie toestand op die pad?"

VIR 'N OOMBLIK hink ek op twee gedagtes: sal ek sê waarom ek hier op die pad is en wat aangaan of sal ek hulle maar onder die reeds gevormde indruk laat dat ek 'n padloper is? Die situasie het baie moontlikhede en ek laat hulle onder die indruk dat ek een van die uitgeworpenes is...

"NEE, WILMA, dinge het nie so goed met my verloop nie maar ek het darem nie klagtes nie, as ek net vandag voor donker op Eersterivier kan kom." Die man wil ry maar sy sê: "Laai hom asseblief op." Hy doen dit en nadat ons my rugsak in die bagasiebak gesit het en in die kar terugklim, hoor ek hy sê vir haar: "Is dit hoe die Ben Loots lyk van wie jy my soveel te vertel gehad het?" "Ja, maar hy het nie altyd so gelyk nie," en ek sien sy veeg met 'n fyn sakdoekie oor die oë.

ONS RY IN STILTE aan. Die twee witkopdogters het so ver as moontlik op die agterste sitplek van my af weggeskuif. Na 'n rukkie leun die jongste oor na haar ma om iets in haar oor te fluister. Sy probeer saggies praat maar ek kan haar duidelik hoor: "Mamma, die oom ruik sleg. En kyk hoe lyk sy bene en arms, hy het sere." Ek kyk na die mecurochrome op die talle skrape en steke. Ek kyk na my met-grond-besmeerde bene en arms en dink aan die ses myl wat ek in die stekende son afgelê het. Die kind is reg. Ek kan haar nie kwalik neem dat sy daardie waarneming maak nie. Die vrou sê niks en ons ry maar aan.

'N RUKKIE LATER stoot dieselfde kind aan haar pa se skouer en ek hoor sy sê met 'n huilerige stemmetjie: "Pa, kyk hoe lyk die oom. En dalk het hy nog luise ook."

EK SIEN DINGE lyk vir my nou maar sleg en ek gaan nou enige oomblik afgelaai word. So, óf uitkom met die waarheid óf die gevolge dra. Maar 22 jaar gelede toe ek en Wilma beide in die fleur van ons jare was, was sy my nooi. Ek het haar geken voordat sy die man ontmoet het wat haar man sou word.. Nou dink sy en hy dat ek 'n boemelaar is en ek weet nie wat sy reaksie gaan wees as hy uitvind dat ek besig is om hulle 'n streep te trek nie.

EK KAN my voorstel wat in sy gedagtes omgaan. Hoe om ordentlik van my ontslae te raak want hy is duidelik 'n beskaafde man en 'n heer.

"WAT IS die volgende plek wat ons kry?" vra hy. Die bosboustasie op Coldstream," sê ek. O ja, dis waar ons die bosbouer moet gaan sien, Wilma," sê hy. Maar sy antwoord nie want sy weet dit is sommer 'n storie. "O, u ken meneer Vokkins," sê ek, "ek ken ook mense daar - 'n arbeider wat 'n myl anderkant die bosboustasie woon. Ek kry partykeer slaapplek daar en 'n stukkie brood." "Ja, dis die man na wie ons gaan. Ek kon net nie sy naam dadelik byval nie, maar ek weet dit is so 'n Hollandse van." Toe weet ek wat sy plan is, want sien, meneer Vokkins was jarelank die bosbouer op Lottering, 15 myl verder en hy het al minstens vyf jaar gelede afgetree.

ONS DRAAI in by Coldstream en hy laai my af. Hy gee die sleutels aan Wilma. Sy sluit die bagasiebak oop en ek haal my rugsak uit. Agterin staan netjiese koffers en 'n kosmandjie. "Is jy nie honger nie, Ben?" vra sy. "Ag nie te veel nie, dankie, Wilma, ek het darem gistermiddag iets te ete gehad op Plettenbergbaai."

DIE MOOI BLOU oë skiet vol trane en ek bedink my amper maar ek byt deur met my storie. Sy maak die kosmandjie oop. Binne is alles vir 'n lekker ete. Twee warmflesse. Koppies. Borde. Rooi en blou papierservette. Sy haal 'n pakkie met toebroodjies uit, gewikkel in tinfoelie. Gee dit aan my. Maak nog 'n pakkie oop, haal koue hoender uit, draai dit toe en gee dit aan. Maak die mandjie toe. Dan staan sy na die linker agterkant van die motor asof sy skuiling soek en vroetel in haar handsak. Al die tyd loop daar so af en toe 'n traan. Sy krap rond, bring 'n vyftigsentstuk te voorskyn en gee dit saam met die kos aan my.

AG BAIE DANKIE, Wilma, nou kan ek tog vanaand weer 'n bottel wyn koop." Nou huil sy met drif en oorgawe. "Moenie vir my sê dat by al jou ellende is jy nog aan drank ook verslaaf nie." Darem nie juis nie, Wilma, jy sien dis maar selde dat ek 'n ou geldjie kry om vir my iets mee te koop." Sy draai om na die kar en ek gaan vir haar die deur oopmaak. Hulle ry weg, draai in na Coldstream en ek sien hoedat hulle 'n dowwe paadjie vat wat volgens my kennis en wete tweehonderd met verder in die bos doodloop.

EK SIT voor die garage op Coldstream tussen die petroldromme. Vyf minute later kom die Mercedes teen redelike spoed terug en draai in die teerpad in dat die klippe so waai en daar trek hulle.

EK HET die Mercedes se nommer afgeskryf. Ek het reeds hulle adres bekom en Wilma kry 'n afskrif van hierdie storie. Ek sê groot askies en weet julle sal my vergewe.